



higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

**STELSELONTLEDING EN ONTWERP
NKR VLAK 4**

(10041004)

**13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00**

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 1 bylae.

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200


INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
 5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter kombinasie van stellings oor gryskistoetsing is korrek?


- i. Gryskistoetsing is 'n kombinasie van witkis- en swartkis-toetsing.
- ii. Gryskistoetsing is geskik vir die toetsing van webtoepassings.
- iii. Met gryskistoetsing is die interne struktuur van die stelsel glad nie bekend nie. 
- iv. Met gryskistoetsing is die interne struktuur van die stelsel gedeelteliks bekend.

- A i, ii, iii
- B i, iii, iv
- C i, ii, iv
- D Slegs i en iv

1.1.2 Die hoofdoel van 'n ... is dat die stelselontleder kan weet wie met die stelsel werk.

- A gebruik-geval-diagram
- B entiteit-verwantskap-diagram
- C klasdiagram
- D prosesvloei-diagram

1.1.3 Watter kombinasie van stellings oor die beginsels van ontwerp van 'n grafiese gebruikerskoppelvlak is korrek?

- i. GUI-ontwerp moet betekenisvol gestruktureer wees.
- ii. GUI-ontwerp moet konsekwent wees.
- iii. GUI-ontwerp moet gepasmaak wees volgens die werkverrigting van hardeware.
- iv. GUI-ontwerp moet vir deskundige gebruikers gepasmaak wees. 


- A Slegs i en ii
- B i, ii, iii
- C Slegs i en iv
- D i, ii, iv

- 1.1.4 Watter kombinasie van stellings oor stelselontleders is korrek?
- Skep en ontwerp 'n besigheidstrategie en gepaardgaande beleide
 - Bestudeer die huidige rekenaarstelsel van 'n organisasie
 - Lei eindgebruikers op om die stelsel te gebruik en stel gebruikerhandleidings saam
 - Voer toetse op 'n inligtingstelsel uit
- i, ii, iii
 - ii, iii, iv
 - i, ii, iv
 - Slegs ii en iii
- 1.1.5 'n ... kan gebruik word om 'n respondent se gevoelens oor 'n onderwerp/vraag te verteenwoordig.
- Likert-skaal
 - Rubriek
 - Kontrolelys
 - Kriterium
- 1.1.6 Mense wie se werk die borg en befondsing van 'n inligtingstelsel-(IS-)projek behels om 'n IS te ontwikkel, gebruik en onderhou:
- Inligtingswerkers
 - Interne stelselgebruikers
 - Stelseleienaars
 - Stelselbouers
- 1.1.7 Watter kombinasie van stellings oor onderhoude is korrek?
- Kennis oor hoe om tydens 'n onderhoud vrae te vra, is 'n uiters belangrike vaardigheid.
 - Verskillende soorte vrae kan tydens 'n onderhoud gevra word. 'n Onderhoud is 'n koste-effektiewe manier om inligting in te samel.
 - Skaam mense en introverte sal minder waarskynlik vrae beantwoord tydens 'n onderhoud.
- i, ii, iii
 - i, ii, iv
 - Slegs i en iv
 - Slegs ii en iv
- 1.1.8 'n Horisontale balk wat gewoonlik heel bo aan 'n Windows-gebaseerde GUI aangetref word en waarvandaan funksies geselekteer kan word:
- Statusbalk
 - Nutsbalk
 - Titelbalk
 - Kieslysbalk ('Menu Bar')

1.1.9 Watter kombinasie van stellings oor 'n stelselvereiste-dokument is korrek?

- i. Word ook na verwys as stelselvereiste-spesifikasies
- ii. Verskaf 'n gedetailleerde beskrywing van 'n stelsel wat ontwikkel word
- iii. Beskryf funksionele en nie-funksionele vereistes van 'n stelsel
- iv. Word dikwels as 'n voorlopige stap gebruik om 'n kort oorsig van die stelsel te skep




- A i, ii, iii
- B ii, iii, iv
- C Slegs i en ii
- D Slegs i en iv

1.1.10 Die funksionaliteit van die stelsel of wat die inligtingstelsel sal doen, word die ... van die stelsel genoem. 

- A besigheidsbehoefte
- B ontasbare bates
- C vereistes
- D borge




(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



- 1.2.1 Die Computing Technology Industry Association (CompTIA) is 'n handelsvereniging sonder winsoogmerk vir mense in die IT-beroep.
- 1.2.2 'n Teks-alleen-koppelvlak word ook 'n opdragreël-koppelvlak genoem. 
- 1.2.3 In die rekenaarbedryf word biometrika slegs vir valideringsdoel-eindes gebruik.
- 1.2.4 'n Omwenteling-aannemingstrategie ('big bang'-strategie) is wanneer 'n nuwe stelsel in fases geïnstalleer word vir slegs 'n klein getal gebruikers.
- 1.2.5 Die Turing-toets word gebruik om te bepaal of 'n masjien intelligente gedrag vertoon.
- 1.2.6 'n Vereistesontleding is nie 'n uiters belangrike stap in die bepaling van die uitkomst van 'n projek nie. 
- 1.2.7 'n Post-implementasiebeoordeling word gewoonlik gedoen wanneer 'n projek voltooiing nader om te bepaal of die doelwitte bereik is of nie.
- 1.2.8 Ongekoppelde data-invoer verwys na die invoer of berging van inligting sonder dat 'n netwerkkonnesie nodig is.
- 1.2.9 Datasekuriteit is slegs 'n fokusarea vir die hoofinligtingsbeampte in die organisasie. 
- 1.2.10 Die gebruik van 'n organisasie se drukker om persoonlike dokumente uit te druk, is 'n voorbeeld van onetiese optrede.

(10 × 1) (10)

- 1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–S) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORD-BOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Beperking of omvang van 'n stelsel, gedefinieer as die verskil tussen die omgewing en die stelsel 	A	interne ontwikkeling
		B	invoer
		C	prototipe
1.3.2	Inligtingstelsels wat maatskappywye werksaamhede en databestuurvereistes ondersteun	D	geheue
		E	grens
1.3.3	Laat maksimum buigsaamheid toe in 'n kandidaat se antwoord	F	verwerking
		G	stelsel
1.3.4	Data wat uit die omgewing kom waarin die stelsel sal funksioneer	H	geslote vraag
1.3.5	Kontrak wat kommersiële sagteware teen kopieregskending beskerm	I	ondernemingstelsels
		J	stelselontleding en -ontwerp 
1.3.6	Metode om 'n stelsel te bestudeer deur sy komponente en hulle interaksies na te gaan	K	uitkomst
		L	data
1.3.7	Vind plaas wanneer 'n organisasie die nodige besigheidswerktuie/-toepassings self ontwikkel	M	eindgebruiker se lisensie-ooreenkoms
1.3.8	Vroeë werkende weergawe van 'n inligtingstelsel wat gebou is om 'n konsep of proses te toets 	N	oopbron-gelisensieer
		O	entiteit
1.3.9	Optrede of proses om iets of iemand noukeurig te monitor	P	waarneming
		Q	oop vraag
1.3.10	Resultaat of gevolg van 'n proses	R	onderhoud
		S	opname


(10 × 1) (10)

- 1.4 Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.
- 1.4.1 (Virtuele werklikheid/Virtualisering) maak interaksie moontlik tussen mense en 'n virtuele omgewing wat deur 'n rekenaar geskep is.
- 1.4.2 'n Dongel is 'n voorbeeld van (hardewarebeheer/sagtewarebeheer) wat gebruik word om stelselsekureit toe te pas.
- 1.4.3 'n (Intranet/Ekstranet) is 'n beveiligde private netwerk en is slegs binne 'n onderneming beskikbaar wat toegang tot 'n inligtingstelsel toelaat. 
- 1.4.4 'n (Datavloei-diagram/Entiteit-verhouding-diagram) toon watter inligting 'n stelsel binnegaan, verwerk word en dan geberg word.
- 1.4.5 Sagteware wat as (oopbron/gratisware) gelisensieer word, kan gratis gebruik word, maar kan gewysig, verander of verkoop word.
- 1.4.6 'n (Gebruikervereiste-spesifikasie/Stelselvereiste-spesifikasie) is 'n dokument wat die funksies van 'n sagtewaretoepassing beskryf.
- 1.4.7 'n (Toe/Oop) vraag laat die respondent toe om kort en bondige antwoorde te gee.
- 1.4.8 ('n Virus/Spioenware) is kwaadaardige sagteware wat inligting oor jou insamel sonder jou toestemming.
- 1.4.9 'n (Kwalitatiewe/Kwantitatiewe) risiko-ontleding identifiseer risiko's met die gebruik van 'n voorafbepaalde graderingspunt. 
- 1.4.10 'n (Sensor/Neuron) is 'n toestel wat 'n fisiese eienskap soos warmte bespeur en daarop reageer.

(10 × 1)

(10)
[40]**TOTAAL AFDELING A:****40**

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 As 'n finalejaarstudent wat binnekort die werksomgewing betree, is dit belangrik om bewus te wees van goeie praktyke wat van 'n IT-beroepspersoon verwag word. 

Bespreek VYF goeie eienskappe wat van 'n IT-beroepspersoon in die rekenaar-bedryf verwag word. (Sluit die eienskap en een aspek of feit daarvan as deel van jou antwoord in.) (5 × (1 + 1))

(10)

- 2.2 Definieer elk van die volgende terme:

2.2.1 Professionalisme

2.2.2 Diensbillikheid 

(2 × 2)(4)**[14]****VRAAG 3**

Lees die scenario en beantwoord die vrae.


- 3.1

Jy is as stelselontleder by Mangaung TBOO-kollege in diens geneem. Jou bestuurder het aangedui dat die kollege 'n projek onderneem om 'n nuwe webportaal te ontwikkel met die naam **MangaungTBOOAanlyn** vir personeel en studente. Met die webportaal sal die studente aanlyn kan registreer, hulle uitslae kan sien en enige ander relevante inligting oor hulle studies by die kollege kan bekom. Die kollege beraam dat die koste om die webportaal te ontwikkel R750 000 sal wees, met 'n 15%-kans van mislukking. Die kollegebestuur het ook besluit dat die webportaal (toepassing) op 'n bediener van die kollege gehuisves sal word. Weens die sensitiewe aard van die inligting wat geberg word, is daar ook 'n element van risiko betrokke.



3.1.1 Verduidelik kortliks VIER moontlike risiko's waaraan die beplande webportaal blootgestel kan word, siende dat dit deel van die internet sal wees. (4)

3.1.2 Verduidelik hoe elk van die risiko's wat jy in VRAAG 3.1.1 geïdentifiseer het, verminder kan word. (4)

3.1.3 Noem DRIE faktore wat daartoe kan lei dat hierdie projek misluk. (3)

3.1.4 Bereken die verwagte risiko in rand, sou die projek misluk.  (2)


3.1.5 Bepaal die waarskynlikheid dat die projek sal slaag. Druk jou antwoord as 'n persentasie uit. (1)

- 3.1.6 Bereken die verwagte impak in rand, sou die projek slaag. (2)
- 3.1.7 Noem DRIE optredes wat die kollege moet oorweeg vir die bestuur van risiko's.  (3)
- 3.1.8 Jou bestuurder het aangedui dat alle wagwoorde vir studente se aanmeldings geënkripteer sal wees.
Verduidelik kortliks die doel daarvan om gebruikers se wagwoorde te enkripteer. (2)
- 3.2 Onderskei tussen *risikobeoordeling* en *risikobestuur*. (2 + 2) (4)
- 3.3 Noem DRIE take wat deur sekuriteitsbeheer verrig word.  (3)
- 3.4 Noem VIER kriteria waarop die IKT-bedryf ooreen gekom het om te bepaal of 'n projek geslaag het. (4)
- [32]**

VRAAG 4

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.



Jy is by Computer Design Solutions (CDS) aangestel as junior stelselontleder. CDS spesialiseer in die verskaffing van ondernemingshulpbronbeplanning (OHB) aan sy klante. Die hele span ontleders moet eers data en die nodige inligting versamel wat hulle sal help om 'n OHB-oplossing te kies wat die geskikste vir die klant se besigheid sal wees.

- 4.1 Definieer elk van die volgende terme:
- 4.1.1 Peiling 
- 4.1.2 Rapport
- 4.1.3 Dubbelsinnige vraag (3 × 2) (6)
- 4.2 Die senior ontleder het jou gevra om die voordele en nadele van die metodes van dokumentersiening, waarneming en insameling van onderhouddata te tabelleer.
Gebruik die volgende tabel as riglyn, en noem een voordeel en een nadeel van elke metode:

METODE	VOORDEEL	NADEEL
Dokumentersiening		
Waarneming		
Onderhoud		




(3 + 3) (6)

- 4.3 Die senior ontleder het besluit dat CDS 'n aanlynopname sal gebruik om inligting in te samel. 
Noem VIER voordele van die gebruik van 'n aanlynopname. (4)
- 4.4 Die senior ontleder het jou gevra om TWEE geslote vrae te ontwerp deur meervoudigekeusevrae te gebruik om inligting van die eindgebruikers van CDS se stelsels in te samel. (2 x 2) (4)
- LET WEL:** Elke meervoudigekeusevraag moet VIER moontlike opsies hê.
- 4.5 Die senior ontleder het jou gevra om TWEE geslote vrae te ontwerp deur 'n waardebepalingskaal te gebruik. Die vrae sal vir post-implementasie van 'n OHB-stelsel gebruik word om gebruikertevredenheid te bepaal.  (2 x 2) (4)
- LET WEL:** Elke vraag moet 'n waardebepalingskaal hê van tussen 1 (stem glad nie saam nie) en 5 (stem volkome saam).

[24]**VRAAG 5**


Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

BDS Medic Clinic is 'n privaatklinik wat in die gesondheidsbehoefte van die gemeenskap voorsien. Meer as 300 mense uit die gemeenskap is as pasiënte geregistreer. Die kliniek gebruik 'n aantal verskillende dokters en 'n aangestelde ontvangspersoon. Pasiënte word gewoonlik toegewys aan 'n dokter van hulle keuse, maar kan 'n afspraak met enige beskikbare dokter reël indien nodig. Nuwe pasiënte se inligting word deur die ontvangspersoon vasgelê. Wanneer 'n nuwe pasiënt se besonderhede vasgelê word, ontvang hy/sy 'n nuwe pasiëntnommer. Om 'n afspraak te maak om die dokter te spreek, of as die pasiënt 'n afspraak wil kanselleer, moet die pasiënt die ontvangspersoon kontak. Wanneer die pasiënt vir 'n afspraak opdaag, word sy/haar besonderhede bevestig. Wanneer die pasiënt die dokter besoek, kan die dokter die pasiënt se mediese geskiedenis te siene kry. Ná die afspraak voer die dokter besonderhede oor die konsultasie en die toepaslike voorskrifte en behandeling in. Rekeninginligting word ook ná die besoek aan die pasiënt gegee.

- 5.1 Teken 'n konteksvlak-datavloeiagram vir die kliniek se stelsel vir mediese afsprake om die hoofdatavloei met die gegewe inligting te modelleer.  (11)

5.2 'n Onervare stelselontleder het probeer om 'n ERD te skep op grond van die scenario hier bo sowel as die drukstuk van die afspraak wat in die BYLAE gegee word. Die onvoltooide ERD word hier onder gegee. Skryf in elke geval die vraagnommer en die ontbrekende deel neer. MOENIE die ERD oorteken nie.


Let wel: Die diagram gebruik die kraaivoetnotasie. Dui toepaslike vreemde-sleutelvelde met 'n FK-postfiks aan.




(9 x 1)

(9)
[20]

VRAAG 6

6.1 Lees die volgende beskrywings en bestudeer die gegewe diagram (FIGUUR 1) en gebruikerskoppelvlak (FIGUUR 2) en beantwoord die vrae wat daarop volg. 

BDS Medic Clinic het jou gevra om die volgende gebruikerskoppelvlak (UI) te ontleed wat deur 'n ontwikkelaar geskep is om die registrasie van 'n nuwe pasiënt vas te lê. Die toepaslike tabelkeepblad ('tabsheet') ('New Patient') bevat verskeie UI-kontroles. Die verskeie kontroles word gebruik om data vas te lê wat in die ooreenstemmende tabel ('Patient') in die BDS-databasis gestoor word, soos wat in dit in die onderstaande entiteitverhouding-diagram uitgebeeld word.



FIGUUR 1

BDS Patient System v 1.10a

File Patients Doctors Appointments Finances

Registered Patients Patient History **New Patient**

Patient No: Address:

Surname:

First name(s):


Date of birth: Contact No:






Age: e-Mail Address:

Gender:

Preferred Dr:

FIGUUR 2


- 6.1.1 Is die invoerkoppelvlak goed ontwerp? (1)
- 6.1.2 Staaf die antwoord op VRAAG 6.1.1.  (1)
- 6.1.3 Noem die soort kontrole wat gebruik word om die *Geslag* ('Gender') en *Keuse van dokter* ('Preferred doctor') in te voer. (1)

- 6.1.4 Gee EEN rede waarom die ontwikkelaar die kontrole wat in VRAAG 6.1.3 genoem is, gekies het.  (1)
- 6.1.5 Noem 'n ander kontrole wat gebruik kan word om die *Geslag* in te voer. (1)
- 6.1.6 Gee DRIE redes waarom gebruikers betrokke moet wees wanneer die ontwerpe van die invoer-/afvoerkoppelvlakke van 'n stel geskep word.  (3)
- 6.1.7 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is om die ontwerp te toets. (2 × 1) (2)
- 6.1.8 Stel 'n gepaste soort veld voor (d.w.s. datatipe) vir die 'Patient_No'-veld op grond van die voorbeelddata op die skerm in Figuur 2. (1)
- 6.1.9 Identifiseer die naam van die vreemdesleutel-veld as deel van die 'PATIENT'-entiteit. (1)
- 6.1.10 Wat beteken die volgende simbool in die diagram soos wat dit in Figuur 1 uitgebeeld word?   (1)
- 6.1.11 Verduidelik hoekom Ouderdom op die UI vertoon word maar nie in die 'PATIENT'-tabel/entiteit verteenwoordig word nie. (1)
- 6.1.12 Stel enige TWEE validasiereëls voor wat toegepas kan word om die E-posadres-veld wat deur die gebruiker ingevoer is, te valideer. (2 × 1) (2)
- 6.2 Onderskei tussen *aanlyn*- en *ongekoppelde* vorms.  (2 × 1) (2)

[18]**VRAAG 7**

- 7.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

SARS BEVORDER EFILING-STELSEL DEUR PAPIER AF TE SKAF

In 'n poging om belastingbetalers aan te moedig om eFiling vir alle belastingtransaksies te gebruik, het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bokse vir die indiening van inkomstebelastingopgawes en ander papierdokumente verwyder. Waarnemende SARS-kommissaris, Mark Kingon, sê die hoofrede vir belastingbetalers se besoeke was om 'n belastingopgawe in te dien. Miljoene mense het onnodiglik takke besoek omdat hulle opgawes deur die eFiling-stelsel ingedien kon word. 

In die nuwe stelsel, wat volledig getoets en op 1 Julie 2018 geïmplementeer is, sal gedrukte vorms nie meer by takke voorsien word nie, insluitend vorms om as belastingbetaler, BTW-ondernemer en werkgewer te registreer. Vorms wat gebruik word om vir belastingaanwysings aansoek te doen, sal ook nie meer uitgegee word nie. Die styging in digitale transaksies beteken 'n aansienlike besparing op papier, drukwerk en koerierkoste vir beide SARS en die belastingbetaler.

[Aangepas uit: <https://www.iol.co.za/mercury/news/sars-promotes-efiling-by-going-paperless-15789826>]

- 7.1.1 Noem TWEE hoofdoele van toetsing. (2)
- 7.1.2 Voordat dit bekendgestel is, sou die eFiling-stelsel 'n aantal verskillende toetse ondergaan het, soos stelseltoetsing.
- 7.1.3 Noem DRIE ander fases van rekenaarstelseltoetsing. (3)
- 7.1.3 Wie voer gewoonlik die laaste fase van toetsing uit? (1)
- 7.1.4 Met 'n styging in digitale transaksies, sou die eFiling-stelsel TWEE belangrike soorte stelseltoetsing ondergaan het.
- Noem die TWEE soorte stelseltoetsing. (2)
- 7.1.5 Verduidelik die VIER doelwitte van die toetse wat in VRAAG 7.1.4 genoem is. (4)
- 7.2 Definieer die term *toetsdata*. (2)
- 7.3 Definieer die term *anomalie*. (2)
- 7.4 Teken en benoem 'n eenvoudige stel diagramme om die verskeie strategieë uit te beeld waarmee 'n nuwe stelsel geïmplementeer kan word om 'n ou stelsel te vervang. (4 × 2) (8)
- 7.5 'n Post-implementasie-evaluering assesser die algehele gehalte van die inligtingstelsel. (6)
- Noem enige SES aspekte wat as deel van die proses van post-implementasie-evaluering gemeet word. (6 × 1) (6)
- 7.6 Noem DRIE maniere waarop die proses van post-implementasie-evaluering uitgevoer kan word. (3)
- 7.7 Gee die tipiese tydraamwerk vir 'n post-implementasieherziening om uitgevoer te word. (1)
- 7.8 Noem TWEE soorte onderhoud wat op inligtingstelsels uitgevoer kan word. (2)
- [36]

VRAAG 8

8.1 Definieer elk van die volgende terme:

8.1.1 Robot

8.1.2 Wasige logika



(2 × 2) (4)

8.2 Noem TWEE hoofkategorieë van neurale netwerke.

(2)

8.3 Noem TWEE gebruike van robotte.

(2)

8.4 Noem VIER gebruike van kunsmatige intelligensie.

(4)



8.5 Noem die VIER hoofkomponente van 'n ekspertstelsel.

(4)

[16]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

BYLAE

BDS PRIVATE CLINIC		2					
CONSULTATION APPOINTMENTS							
Doctor_No	Doctor_Surname	First_names	Room_No	Patient_No	Patient_Surname	Patient_Firstnames	
D1001	NDOU	Katlego Simon	A113	PF0025	Ngwenya	Opportunity Pasitse	
	Appointment_No	Appointment Date	Appointment Time	Patient_No	Patient_Surname	Patient_Firstnames	
	2019/0025/63	2019/08/29	10:30AM	PF0025	Ngwenya	Opportunity Pasitse	
	2019/0375/86	2019/08/29	11:00AM	PF0357	Smith	Alex	
	2019/0215/72	2019/08/29	11:30AM	PF0215	Eisha	Very Sick	
Doctor_No	Doctor_Surname	First_names	Room_No	Patient_No	Patient_Surname	Patient_Firstnames	
D1010	VAWDA	Ingrid	B110				
	Appointment_No	Appointment Date	Appointment Time	Patient_No	Patient_Surname	Patient_Firstnames	
	2019/0067/92	2019/08/28	13:40PM	PF0067	Patel	Pravesh	
	2019/0023/97	2019/08/29	14:10PM	PF0023	Phosa	Jeremiah	